TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 4/3/2017 **Datum: 17 Aug 2017**

Uit die kantoor:

TJOKKIE HOKKIETOERNOOI

Dié jaarlikse instelling van die afgelope 17 jaar bly ‘n treffer. Dit sal egter nie moontlik wees sonder ‘n span mense wie se harte in hulle werk is nie, om Nehemia aan te haal.

Die mense van wie ek praat is die …

* hokkiekomitee
* onderwysers
* kantoordames
* terreinpersoneel
* Gr 3, 5 & 6 Ouerkomitee
* ma’s en pa’s by die verkope
* pa’s wat gebraai het.

Baie dankie aan mnr Frans vd Watt, hokkiehoof van die UV, oud-ouer, vir sy verbintenis tot die toernooi en jarelange hulp en ondersteuning.

‘n Spesiale dankie aan mnr Arnold Bakkes, eienaar van McDonalds, en sy span wat vanjaar aanboord gekom het as hoofborg. Die borgskap en vermaaklikheid op dié dag het iets nuuts navore gebring wat die kinders baie geniet het. Dankie ook aan mnr Johan Coetzee van Virtual Tech vir die klank by die Astro.

Ander borge:
Sien die aangehegte logo’s van Tjokkies se ankerborge en ondersteun hulle asb. Ons borge verskyn ook op ons webblad en deur op die logo te klik sal u meer inligting oor die instansie kry.

BELANGRIKE DATUMS:

17 Aug: Hokkieliga

18 Aug: Graad 1 Opedag. Alle graad 1 leerlinge van 2018 is genooi en word so bietjie skoolwys gemaak.

Die Gr R en GR 1 - 3 woon tussen 9:00 & 11:00 ‘n hondevertoning op die rugbyveld by.

21 Aug: Dogters tennisliga.

22 Aug: Veiligheidsvergadering om 17:00

23 Aug: Seuns tennisliga

Verwelkoming van 2018 Kleuterskoolouers om 17:30 in die skoolsaal.

24 Aug: Hokkietoer na Klerksdorp vir 0/13 A seuns- en dogterspanne.

Pompom en Revue groepe tree op by Böhmer Skool vir Rivista-kompetisie. Ouers het inligting.

Verjaarsdae & Personeelsake

20 Aug: Me Liezl Boshoff, sekretaresse verjaar.

23 Aug: Juf Lianza Grobler (Gr 3) verjaar.

Juf Zilke ondergaan ‘n toonoperasie.

Juf Chantal se babaseuntjie word geopereer om ‘n velgewas op sy kop te verwyder.

UITSLAE

Die volgende graad 6 leerders behaal eerste plekke tydens Nautilus Wiskunde:

Wilandré van der Walt
Cornel Swinfen

Die volgende leerders behaal Vrystaatkleure in Landloop en neem op 9 Sept deel aan die SA’s te Potchefstroom:

Jean-Louis Ceronio
Manny Maduna
De Villiers Lamprecht
Inge van Staden

SNOEPIE

Aansoekvorms moet asb saam met die R20 na die klasonderwyser gestuur word en nie ge-epos word nie, andersins bemoeilik dit die administrasie daarvan.

Ouers word asb versoek om per Whatsapp die snoepie in kennis te stel van alle inbetalings op die snoepiekaarte. Meld asb die volgende:

- Naam en van van kind
- Kaartnommer
- Bedrag

Die SMS’e van die bank is nie voldoende nie aangesien al die inligting nie daarin vervat word nie.

Gebruik asb die volgende nuwe nommer vir Méchelle by die snoepie hiervoor:

082 612 7756

SNOEPIE VERVOLG

Wanneer ouers geld op die snoepiekaart per EFT in-betaal, en u is nie 'n FNB kliënt nie, neem dit tot twee dae voordat dit op die snoepierekening wys. U moet dus vir die twee dae vir u kind kontant saamstuur as hy/sy aankope wil doen.

VCSV

Tjokkies se VCSV kamp vind plaas op 8 – 10 September 2017. Dis by Retiefkampterrein en kostes beloop R400 per kind. Hierdie is beslis 'n kamp wat jy nie moet misloop nie. Kom haal gerus 'n inskrywingsvorm by juf. Liezl Hiten of by die kantoor.

WEBBLAD

Besoek gerus weer 'n slag ons webblad. Daar is ook vars foto's van ons Tjokkie hokkie-toernooi te siene.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

SNUFFELS

Doxa Deo, Fichardtpark bied aan: *Onbeskaamd*. Vrydag 25 Aug 2017 om 18h30. R70 vir volwassenes en R30 vir kinders onder 12. Kaartjies beskikbaar by Engen Northridge, College Square, Sasol CUT en LHP. Besprekeings by bookings@onbeskaamd.co.za. Kontak vir Mariska by 083 442 4430

Bruin meisie skoolskoene te koop @R30 per paar (slegs nr 6, 9 en 10). APD (Assosiasie vir persone met Gestremdheid), Parkweg 47, Bfn. (oorkant Bfn Toerismesentrum). Ilona Boshoff is die kontakpersoon in die Goodwill Koffiewinkel wat gekontak kan word by 051 430 2883.

LENTEDAG VRYDAG 1 SEPTEMBER

Tema: *'n Hoed om die lente te groet!*
Betaal R5 vir gewone klere en sit enige hoed op jou kop.
'n 'Doughnut' en Twizza kan ook gekoop word @ R10
Alle gelde is betaalbaar by die klasonderwysers voor/op
Woensdag 30 Augustus.